

14 Junie

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10

Fokusgedeelte: DL, 2:9

**Die uitverkore kerk moet God liefhê, dien en verheerlik!**

Die kerk is nie deur 'n mens uitgedink en daargestel nie. Nee, God self het die ware kerk uitverkies en gestig en hou dit steeds in stand. Deur sy liefde sal daar "altd 'n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Jesus Christus".

Wat behoort die kerk se reaksie te wees op God se uitverkiesende liefde in Jesus? Vir die gemeente in Tessalonika skryf Paulus (vers 3) dat hy in sy gebede die Here altd herinner aan "die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus." Daarom bely ons ook die kerk moet Jesus "standvastig liefhê, Hom met volharding dien en van nou af tot in alle ewigheid verheerlik."

Ons moet die Here dus liefhê, dien en verheerlik. Ons liefde vir die Here moet nie wisselvallig of willekeurig wees nie, maar standvastig, dit wil sê onwankelbaar en altd konstant en oorvloedig. Ons diens aan die Here moet volhardend wees, dit wil sê ons moet nooit moeg word om die Here te dien nie, ons moet aanhou om die Here te dien tot die bitter einde toe. Ons moet die Here ook verheerlik in alles wat ons doen, van nou af tot in alle ewigheid.

Die werk van ons geloof, die inspanning van ons liefde en die volharding van ons hoop op die Here moet die kenmerke van ons dankbaarheid wees. Kan 'n mens hierdie kenmerke in u lewe duidelik sien? Kan 'n mens hierdie kenmerke duidelik in u gemeente sien? Is daar geloof wat tot werke oorgaan, is daar liefde wat tot inspanning lei, is daar hoop wat tot volharding lei? Elke gelowige en elke gemeente wat dankbaar is vir die uitverkiesende liefde van die Here kan nie anders as om hierdie kenmerke duidelik te vertoon nie!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~